Die Teken

. . .lees van die Woord. Vir die afsluitingsdiens, waarom ek julle gevra het om te staan. . .As hulle *Die Star-Spangled Banner* speel, dan staan julle. Dan nie? [Gemeente sê: "Ja."—Red.] Waarom dan nie vir die Woord van God nie? Dis 'n respek. Nou oorkant in die Boek van Eksodus, die 12de hoofstuk, van die 12de vers af, wil ek graag 'n gedeelte van die Skrif lees, 12de en 13de verse.

> *Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek. . . die eersgeborenes tref, in die land van—van Egipte, van mense sowel as diere; en. . .sal strafgerigte uitoefen: Ek, die Here.*
>
> *Maar die bloed sal* vir julle *'n teken wees aan die* huis *waarin julle is; as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan, en daar sal geen verderflike plaag onder julle wees, wanneer Ek Egipteland tref nie.*

2 My onderwerp is: *Die Teken.*

3 Kom ons buig nou ons hoofde. En in Sy stilte van hierdie gewyde oomblik, voor ons Hom nader in gebed, is daar 'n versoek wat julle wil hê God vanmiddag moet antwoord? Steek net julle hande op as julle het, en dink diep in jou hart wat jy wil hê Hy moet doen. Enige plek in die gebou, dink net wat julle wil hê Hy moet doen.

4 Ons Hemelse Vader, U is die onveranderlike God, en ons bid dat U ons gebede, vanmiddag hier, sal beantwoord, soos—soos ons ons hande omhoog hou. En U let op dat my hande ook op is. En my versoek, ek sal dit openbaar maak, dit is, Here, dat U elke persoon hierbinne vandag sal genees, elke verlorene sal red. Nou, U het gesê: "As julle die Vader enigiets vra, in My Naam, sal Ek dit doen." Nou, Here, help ons tesame om te glo as 'n eenheid van mense, van gelowige kinders. Praat deur U Woord, Here. U Woord is die Waarheid. Seën ons harte.

5 Ons dank U vir hierdie byeenkoms. Ons dank U vir Broer Grant, en vir al sy werkers, en al die kerke en mense. En vir alles wat U vir ons gedoen het, Here, is ons dankbaar teenoor U. Vader, daar mag baie van ons hier wees wat mekaar nou nooit weer sal sien, totdat ons aan die ander kant sien nie. Dit mag die laaste diens wees waarin ons saam sal sit op hierdie aarde. Mag die Heilige Gees ons samekoms seën, ons bedien volgens ons behoeftes. In Jesus' Naam bid ons. Amen.

Kan maar sit.

6 Ek het hier 'n klein notaboekie, ek skrywe 'n paar Skrifgedeeltes en dingetjies neer. Ek kon dit vroeër uit my kop

onthou, maar ek is pas by vyf-en-twintig verby, julle weet, dit is, vir die tweede maal. En dan onthou ek nie meer soos ek vroeër het nie, en soveel daag by die byeenkomste op en dinge, en daar is soveel te doen.

7 Ons onderwerp vanmiddag is: *Die Teken*. Ons toneel open in Egipte. Dis nou 'n groot prent hier, ek wil hê julle moet dit almal sien en net so eerbiedig wees as wat julle kan. Egipte is die plek van die toneel, en die tyd van die toneel is reg aan die begin van die eksodus.

8 En, nou, dis 'n tipe van vandag, wat gewys word, omdat ons ook 'n ander eksodus in die gesig staar. God wat Israel uit Egipte bring, na die beloofde land, was 'n tipe van Christus wat die Bruid uit die kerk uitbring, na die beloofde Land. Ons is in nog 'n eksodus. Nou as julle die Skrifte sal bestudeer, ons het net tyd om die hoogtepunte daarvan aan te raak, dis waar. Ons is die . . . Soos God 'n volk uit 'n volk uitgebring het, sal God die Bruid uit 'n kerk uit bring. Die Bruid sal uit al die kerke uit geroep word. Dit sal die uitverkorenes van God wees, wat uitgebring sal word. En ons is nou reg op die rand van daardie eksodus, want ons het elke Skriftuurlike bewys dat ons daar staan. Nou, ek weet dit is al baie male gesê, maar, my vriend, eenkeer gaan dit vir die laaste maal gesê word. Tyd sal dan in die Ewigheid vervaag. Hy kom om 'n Bruid uit 'n kerk te neem.

9 Die teken was die ding wat die verskil tussen Egipte en Israel, die twee volke, gemaak het. Hulle was almal menslike wesens, maar almal God-geskape, almal die handewerk van God, maar, die verskil toe die doodstraf uitgespreek is, die verskil tussen lewe en dood, was die teken.

10 En so sal dit wees by die koms van die Seun van God, wanneer Hy die Bruid uit die kerk uitbring, sal die verskil die Teken wees. Nou, luister julle goed vanmiddag, en kyk of dit nie waar is nie. Die Teken sal die verskil wees. Daar moet 'n verskil wees.

11 God gaan die wêreld eendag oordeel. As ek die Katolieke mense sou vra: "Wie sal Hy oordeel, waarvolgens sal Hy die wêreld beoordeel?" Hulle sou sê: "Die kerk." Watter kerk? "Die Katolieke kerk." Watter Katolieke kerk? Daar is verskeie van hulle. Die Metodiste sou sê: "Volgens die Metodiste," dan is die Baptiste daaruit. Dan, as jy dit aan die Baptiste kerk beoordeel, is die hele res van hulle daaruit. Die Pinksters sê: "Volgens die Pinksters," dan is die res van hulle uit. Sien, dit sal tot verwarring wees, te veel verwarring, te verwarrend vir die verstand, om so te dink.

12 Maar God het hier 'n manier gehad waarvolgens Hy gesê het Hy die aarde gaan beoordeel, nie volgens die Katolieke kerk nie, nie volgens die Protestantse kerk nie. Maar Hy gaan die wêreld beoordeel volgens Jesus Christus, en Jesus is die Woord, so daar kom dit weer terug na die Bybel. Sien? Hy sal die wêreld volgens

die Bybel beoordeel. En die Bybel is God se Oordeelsboek, wat die volledige openbaring van Jesus Christus is, dat niks anders bygevoeg of enigiets Daarvan weggeneem kan word nie; die straf vir dit doen, is jou naam uit die Boek van die Lewe uit. Bly net reg binne-in die Boek, en bid tot God om ons deel Daarvan te maak.

13 Nou ons vind uit, 'n teken, wat is 'n teken? 'n Teken is 'n bewys van 'n betaalde prys, is die teken. Net soos ons spoorweë en busmaatskappye, ons vat ons geld en gaan na 'n stasie toe. Nou, sien, die busmaatskappy word nie toegelaat, op die plekke waar tekens gebruik word, word hulle nie toegelaat om geld te ontvang nie. Hulle kan nie geld ontvang nie, dit verg die teken; sê, die vliegtuie, wat nog. Jy gaan na 'n sekere plek, die kooptoonbank toe, en koop, vir jou geld, soveel tekens, hierdie sekere teken. En hierdie teken is 'n bewys dat jou reisgeld betaal is. Jy het 'n reg aan boord van die skip, op die vliegtuig, op die bus, of wat dit ook al is, solank jy die teken hou om te toon dat jou—dat daar vir jou rit betaal is. Nou onthou dit. Moet dit nie vergeet nie.

14 Israel se geslagte lam was die . . . was God se vereiste. Jehova het 'n geslagte lam vereis, 'n onskuldige plaasvervanger. Soos ons in die week wat nou verby is dit behandel het, dat God, wanneer Hy 'n besluit neem, verander Hy dit nooit. En Hy het 'n weg gemaak, Sy eerste ding wat Hy gedoen het toe die mens geval het, moes Hy vir hom 'n weg terug maak, as Hy hom ooit wou loskoop, en Hy het besluit dat Hy die mens sou red deur die Bloed van 'n Onskuldige. En Hy het vir altyd dieselfde ding gedoen. Hy het dit nog nooit verander nie. Geen plek sal God ooit enige aanbidder ontmoet, behalwe onder die Bloed nie. Dis Sy enigste plek.

15 Ons probeer om Hom te laat ontmoet onder ons teologie, onder ons denominasie, onder ons opvoedkundige programme. Party het torings gebou en party het stede gebou, Babilon en—en die toring van Babel, en al die verskillende soorte dinge. Maar dit bly steeds, God ontmoet die ware aanbidder slegs onder die Bloed. Hy verander dit nooit. Ons kan nie almal Metodiste wees nie, ons kan nie almal Pinksters wees nie, ons kan nie almal *dit, dat* of die *ander* wees nie, ons sal verskil. Maar wanneer ek by 'n man kom, of hy nou 'n Katolieke priester is of wat hy ook al is, wanneer hy onder daardie Bloed is, is ons broers, gee nie om waarby hy is nie, solank hy onder daardie Bloed is.

16 Nou, Israel se geslagte lam was die vereiste van Jehova, en die bloed was die teken dat die taak verrig is. God het vereis, vir verlossing, uit Egipte, om na die beloofde land te gaan, het Hy 'n geslagte dier vereis. En daardie dier moes . . . Die bloed van die dooie dier moes aan die deurposte en aan die deur gesit word, en dit het gegeld as die teken dat die ding wat Jehova vereis het, uitgevoer is. Sien? Nou, die lam was nie die teken nie, die bloed was die teken. Nou, die lewe het uit die offerhande uitgegaan, en nou was die bloed die teken. Sy bevele is uitgevoer. Die bloed het die teken verteenwoordig, die bewys dat hierdie gelowige

presies gemaak het soos wat die vereiste was. Dit was die teken. Nou goed, die gelowige te sien, bid, is dan geïdentifiseer met sy offer. Sien?

17 *Hier* is die huis, en die aanbidder, wat was die vereiste? "Slag 'n lam. Op die veertiende dag nadat dit bewaar is, 'n—'n manlike een sonder gebrek, moet die hele Israel dit slag, en die bloed moet met hisop aan die deurposte gewend word."

18 En, terloops, daardie hisop was net gewone onkruid. *Hisop* beteken "jou geloof." Iemand probeer bonatuurlike geloof hê, dis waarom jy jou genesing misloop. Geloof is net 'n gewone ding. Jy het geloof gehad om kerk toe te kom. Jy het geloof om daar buitentoe te loop. Jy het geloof om jou motor aan die gang te sit. Jy het geloof om jou kos te gaan eet. Dis hoe dit is, net gewone geloof. Nou om die bloed aan te wend, is aangewend met hisop, wat net gewone onkruid is wat enige plek in Palestina groei, wat wys dat die geloof waarmee die bloed aangewend moet word, nie een of ander super ding is waarvoor jy allerhande soorte doktorsgrade moet hê om dit te doen nie. Dis net gewone, alledaagse geloof, om God te glo. Sien? "Wend die bloed aan," deur geloof: "met die hisop."

19 Nou, die aanbidder, dan, gesien onder hierdie bloed, het gewys dat hy Jehova se versoek uitgevoer het, en hy is geïdentifiseer. Die teken het gewys dat hy geïdentifiseer is met die geslagte lam wat Jehova vereis het. Die werk is gedoen. Wat 'n perfekte tipe vandag, van Christus en die gelowige. As die Teken vertoon word aan die gelowige, dan wys Dit dat dit aangeneem is en die werk gedoen is.

20 Die bloed was dan 'n teken van identifikasie, die bloed self. Die dier het gebloei, gesterf, en sy bloed was aan die muur. Nou, dierlike lewe, dit was in die bloed. En die lewe is in die bloed, ons weet dit. Die Bybel het so gesê, en die wetenskap bewys dit, die lewe is in die bloed. So daarom wanneer die dier doodgemaak is, en die lewe uit die dier gebreek is, moes die bloed die chemie van die bloed wees, om as die teken te dien. Want, die lewe wat in die bloed was, kon nie op die gelowige terugkom nie, want dit was 'n dier se lewe.

21 En 'n dierlike lewe en 'n menslike lewe is absoluut verskillend. Dit is geen, hoegenaamd niks daarin nie. Jy neem, 'n dier se bloed sou neem en in jou sit, sal jy sterf. So julle sien, ons, dis 'n—dis 'n verskillende lewe in die dierlike bloed as wat daar in die menslike bloed is, want die mens het 'n siel. Die dier het geen siel nie.

22 En nou, daarom, moes die bloed self, verstaan nou, die rooi chemie, chemikalieë van die bloed, op die deur uitstaan, as 'n teken, dat die lam gesterf het, nou, want die lewe van die lam kon nie terugkom op die menslike aanbidder nie. Maar vandag . . . Dit was net 'n tipe.

23 Vandag is dit nie die chemiese Bloed van die Here Jesus, ons Lam, nie, maar dis die Lewe wat in die Bloed was, wat die Heilige Gees is. Dit kom terug en is die Teken dat ons aanvaar het en gedoen het presies wat God vir ons gesê het om te doen. En dan, deur die Teken te hê, word ons geïdentifiseer met ons Offerande. Volkome. Ek kan nie sien hoe enigiets meer enigsins duideliker kan wees nie. Sien?

24 Enigste manier waarop enigeen kon sê dat daardie huis ook onder die bloed tuisgehoort het, was omdat die chemie van die bloed aan die deur was. Hulle het deurgegaan, die Doodsengel moes kyk en die bloed sien. Nou, weer, dit was 'n tipe van die Heilige Gees.

25 Nou, sien, die letterlike Bloed van Jesus kon nie op elkeen van ons kom nie, want Hy hét nét sóveel Bloed in Sy liggaam gehad. En dit het afgedrup, uit Sy liggaam, in die grond in, tweeduisend jaar gelede; maar dit sou nie as 'n Teken wees nie. Die Lewe, die Lewe wat in die Bloed was, was nou die Teken. Ek sal dit vir julle bewys, net oor 'n rukkie, met die Bybel. Dit is die Teken wat op elkeen van ons moet kom, om te wys dat ons met ons Offerhande geïdentifiseer is, en Jehova se versoek uitgevoer het.

26 Petrus het gesê, op die Pinksterdag: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, soveel as wat die Here onse God sal roep." Sien, wys dit nie net aan hulle nie. "Soveel as die Here sal roep."

27 Daar is baie wat dink hulle is geroep. Maar almal wat "die Here" roep! "Dié wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep; almal wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; almal wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik," die ding is reeds besleg.

28 En dan as jy 'n persoon neem wat nie glo dat die Heilige Gees vir die dag is nie, sien wat doen hulle? Hulle ontken die Teken wat die einste simbool is daarvan dat jy met jou Offerhande verbind is. Sien wat ek bedoel? Dis baie eenvoudig as jy net daarna kyk op—op die wyse wat God dit nou uitgeskryf het. Die Bloed het ons gedra en ons was . . . wys die—die simbool van die Heilige Gees, wat die Lewe is.

29 Nou, die dierlike lewe kon nie in die mens terugkom nie, want hulle sou nie pas nie, die dierlike lewe het geen siel daarin nie. Die menslike lewe het 'n siel. Die dier weet nie hy is naak nie. Hy kan nie goed van kwaad onderskei nie. Hy, hy is net . . . Hy het 'n—'n gees, maar nie 'n siel nie. Nou onthou, nou, die siel is die natuur van die gees, natuurlik.

30 Nou kyk, maar dan toe die Lewe van ons Offerhande, Jesus Christus, toe Sy Bloed gestort is . . . Hy was God, saamgevat in een Mens. Nou, het neergedaal om Jehova te wees, om Homself

as ’n menslike wese te identifiseer, om vir Homself die vorm van ’n mens aan te neem, om ons met Hom te identifiseer. Hy was die Lam van God. En aan die binnekant van Hom, waar die Bloed. . .

31 Nou ek weet iemand sê: “Hy was die Joodse bloed.” Jy hoor die Jode dit sê. Hy was nie Joodse bloed nie, en Hy was ook nie Heidense bloed nie. Hy was die Bloed van God. Hy het nóg Joodse gehad. . . Hy was nóg Jood nóg Heiden. Hy was God. “’n—’n—’n Maagd sal swanger word.”

32 Nou, ek weet baie van julle mense en die Protestante dink dat die eier Maria s’n was. En die—die hemoglobien wat kom, die lewe kom in die bloedsel. Want, ’n hen kan ’n eier lê, sonder dat sy by die mannetjie-voël was, dit sal nie uitbroei nie, want dit is nie vrugbaar nie. Lewe kom van die bloedstroom, wat van die manlike geslag kom. Maar in hierdie geval was daar geen manlike geslag nie, so: “die lewe in die bloed,” dit moes van God alleen af kom, en Hy het ’n Bloedsel geskep in die skoot van Maria. God Self, die Skepper Self, het ’n Bloedsel geskep. Nou kyk. Hulle sê: “Wel, dit was die liggaam. Maria het die eier gehad.” Nee, meneer. Sy was nie; geen eier nie. As dit ’n eier was, kan jy nie die sperm kry sonder ’n sensasie nie. En as Hy, sy ’n sensasie gehad het, wat het jy God aan die doen?

33 Hy het beide eier en Bloed geskep. Dis presies wat Hy was. “Ons het God getas,” het die Bybel gesê. Een Timothéüs 3:16: “Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees. Ons het Hom met ons hande getas.” Die liggaam was God. Sekerlik, dit was. Hy was geheel en al God, in ’n vorm van ’n menslike wese.

34 Nou ons let hierin op, dat die breek van daardie Bloedsel, dit het God losgelaat. “God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen.” Waar, geen ander een dit kon doen nie, niks anders kon gedoen word nie; dit het daardie heilige Bloed, Self, geverg. God moes neerdaal en ’n mens word, om onder Sy Eie wet te ly. As Jesus net ’n profeet was, ’n mens apart van God, dan is God onregverdig.

35 As ek kon sê: “Laat Broer Grant sterf vir een of ander sonde waarvoor Billy behoort te sterf,” of iets anders, een of ander boete, sou dit onregverdig wees. As ek my eie seun sou laat sterf vir ’n straf wat ek uitgespreek het, is dit steeds nie regverdig nie. Daar is net een regverdigheid wat ek kan doen, dis om sy plek in te neem, as ek hom wil red.

36 En God moes vlees word, ten einde die sondaar se plek in te neem; God gemanifesteer in die vlees, niks minder as God Self nie. Nou, hier was Hy, gemanifesteer in die vlees, om die sondes van die wêreld weg te neem. En Hy het Homself in ons geïdentifiseer, dat ons in Hom geïdentifiseer kon word. Sien die doel daarvan?

37 Nou ons vind uit ons identifisering met ons Offerhande, die Lewe van die Offerhande in ons, wat die Heilige Gees is. Toe daardie sel gebreek is, het dit God losgelaat, God losgelaat, dat Hy 'n volk heilig gemaak het met Sy Eie Bloed en God weer in die mens teruggesit het. God in jou, Ewige Lewe!

38 En enige student van Grieks weet dat daardie woord, Ewige Lewe, van die woord Z-o-e, *Zoe* af kom, wat beteken "God se Eie Lewe." Dis reg. Die enigste manier waarop jy ooit Lewe kan hê, daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dit is God se Eie Lewe in jou. Sien? Dan het jy Ewige Lewe, want Hy is die enigste Ewige wat daar is. En ons is die eienskappe van Sy gedagtes, nog voordat daar eens 'n grondvestiging van die wêreld of enigiets was. Dit alles is net Sy denke, en ons is die gestalte van Sy gedagtes van wat dit was.

39 En Hy moes neerdaal ten einde sonde weg te neem. Niemand anders kon dit doen nie. Daar was niemand waardig om dit te doen nie. Niemand kon dit doen behalwe Hy nie, en Hy het dit gedoen.

40 En toe, toe daardie Lewe losgelaat is uit daardie liggaam, die Mens, wat die Seun van God was (Sy skeppende krag het 'n gebou gemaak, soos enige kontrakteur, die gebou gebou waarin Hy Self ingetrek het, God het dit gedoen.), en toe, toe daardie lewe geneem is, is die Bloed, die chemie daarvan, uitgestort op die grond, net soos *regverdige* Abel s'n uitgestort is op die grond, maar van daardie Bloed af, het die Heilige Gees van God gekom, en Dit is na die mens toe gestuur op die Pinksterdag, om geïdentifiseer te word met die Offerhande wat vir hulle gesterf het. Daar is geen ander manier in die wêreld waarop ons dit kan kry nie. 'n Positiewe Teken!

41 Kyk, as jy aan die dood skuldig was, en jy het geweet jy gaan na die elektriese stoel, en onthou, om te verwerp . . .

42 Dallas, luister! Om die Bloed van Jesus Christus te verwerp, die Teken van Sy Bloed, as jy Dit sien en Dit verwerp, gaan jy die Oordeel tegemoet met Sy Bloed aan jou hande. Sondaar, kerklidmaat, onthou dit.

43 Wat as Lee Oswald in staat sou wees, daardie paar dae, en daardie swetery voor daardie Hoër Hof wat hy moes trotseer; en het geweet, weens die doodmaak van die President, daar nie selfs die geringste bietjie genade sou wees nie, hoe moes daardie man nie gevoel het nie! Dit moes in 'n vreeslike ding gewees het. Hy het dit nooit getrotseer nie, want die ander kêrel het hom geskiet. Maar dink daaraan om daar te sit voor 'n woedende Hoër Hof, met die bloed van jou medemens aan jou hand, die President van die Verenigde State! Dit sal 'n geringe ding wees, vir julle mense wat die Bloed van Jesus Christus verbygaan, wanneer julle by die howe van God sal staan. Sweet dit uit as julle weet. Oswald sou niks meer kon doen as om hierdie lewe vir hom te verlaat nie,

maar God laat jou vir Ewig Sy Teenwoordigheid verlaat. Dit sal 'n vreeslike ding wees. Let op.

44 As jy na die howe moes kom, omdat jy skuldig is, sou jy die beste prokureur soek wat jy kon kry. Enigeen sou dit doen.

45 En elke mens wat in die wêreld gebore word, ek gee nie om uit hoe 'n goeie huis hy kom nie, hy is skuldig aan die Bloed van Jesus Christus totdat hy die vergifnis daarvan aanvaar het. En die enigste manier dat jy weet die vergifnis is reg, is wanneer die Teken Homself op jou plaas, en jy die Teken het.

46 Let op, jy is skuldig, en jy sou die beste prokureur soek wat jy kon kry om jou saak te bepleit. En as ek na die Oordeel van God moes gaan, wil ek geen priester hê nie, wil ek geen mens hê nie; ek wil die beste prokureur hê wat ek kan kry om my saak te bepleit.

47 Laat my hieroor sê, aan jou, my Christenvriend. Ons prokureur is ook ons regter, en ons—ons regter het ons prokureur geword. Die saak is besleg as ons Sy vergifnis kry. Die regter Self het neergedaal en die prokureur geword, en die prokureur en regter is dieselfde Persoon. God het mens geword, sodat Hy die mens kon regverdig deur Sy Eie dood wat Hy op hom geplaas het. Halleluja! Dit beteken: "Loof ons God!" Hy verdien alle lof. Ons regter en ons prokureur is dieselfde Persoon.

48 Die Heilige Gees is die Teken dat ons vergifnis ontvang het. Die saak is gesluit. Aan elke man en vrou wat waarlik die doop van die Heilige Gees ontvang het, hy is verhoor, hy is geïdentifiseer met sy prokureur, met sy regter, met sy offerhande, en die Teken wat hy in sy besit hou, wys dat sy reis betaal is tot in Heerlikheid. Amen. Dis alles verby. Hy het daardie Teken. Dis syne, die doop van die Heilige Gees, wat die getuie van die opstanding van Jesus is. Amen. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis jou identifikasie, jy het die Teken.

49 Nou as jy nie daardie Teken het nie, sal jy nie inkom nie. Jy moet die Teken hê. Dis die vereiste prys: "Wanneer Ek die bloed sien, is die bloed die teken. Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek jou oorslaan." Jy moet die Teken hê. As jy nie het nie, wel, dan sal jy nie gaan nie. Jy moet die Teken hê.

50 As die teken nie vertoon is nie, die teken nie destyds gewys is nie, was selfs die verbond nie geldig nie. Jy sê: "Wel, nou, Broer Branham, nou wag net 'n oomblik." Dis presies reg.

51 Die teken was bokant die verbond. Want Israel het 'n verbond gehad om besny te word, en enige Jood kon uitgaan en vir enige mens wys: "Ek kan vir jou bewys ek is besny, ek is 'n Jood, ek is besny volgens Jehova se opdrag," maar tog het dit hom nie verskoon as die teken nie ook daar was nie. Hy moet die teken vertoon. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy . . . Die teken moet in elk geval daar wees. En as jy in die verbond is . . . As enige Jood sou sê: "Ek sit geen bloed aan my deur nie,

ek kan bewys dat ek 'n Verbondsjood is," het die Doodsengel hom gekry. Maak nie saak hoe lojaal hy was, hoeveel van 'n kerklidmaat hy was, hoeveel tiendes hy betaal het, hoe hy gesê het hy glo in Jehova nie; Jehova het daardie teken vereis.

52 En Hy doen dit vandag nog. Dit moet wees. Dit moet wees: "Want daar is nie 'n ander manier onder die Hemel, nie 'n ander naam gegee, enige manier nie," maak nie saak hoe goed, hoe lojaal nie. Daardie Teken moet daar wees, en vertoon word.

53 "Die bloed," sê jy: "wel, ek het die lam geslag en ek het dit in 'n fles gesit. Ek het dit hieragter neergesit." Dis is nie wat Hy gesê het nie. Dit moet aan die latei en aan die deurposte wees. Dit moet vertoon word.

54 En jou lewe moet vertoon dat die Teken in jou is. O, julle Pinkstermense, wat is verkeerd met julle? Kortgeknipte hare, geverfde gesigte, man, vuil grappe en dinge, waar vertoon dit die Bloed van my Here Jesus Christus, is die Teken van die Heilige Gees? Julle, wat 'n vorm van godsaligheid het, en "toordery" en wat nog, die werke van God noem, "toordery." Hoe vertoon julle 'n teken?

55 Hulle sê: "Ek is Pink-. . . ." Ek gee nie om wat julle is nie. "Ek's Baptis. Ek's Pres-. . . ." Ek gee nie om wat julle is nie. Daardie Teken moet daar wees. God vereis Dit, en niks anders as dit nie.

56 Jy sê: "Wel, ek het 'n doktor's." Ek gee nie om hoeveel grade jy het nie. God vereis daardie Teken, en nét Dit. Dis 'n bewys dat jou reis betaal is. Hy gaan nie jou getuigskrifte of iets anders aanvaar nie. Hy moet daardie Teken hê.

57 Die busbestuurder sê: "Hier, wag 'n bietjie, dit is nie my teken nie."

58 Die vliegtuigman sê: "Wel, jy gaan nou daarheen." 'n Kaartjie is 'n teken. Jy gaan daarheen en sê vir die loods: "Ek wil hier op jou vliegtuig klim. Hoeveel kos dit?"

"Gaan in en kry jou teken."

"O, ek sal jou betaal."

59 "Ek kan dit nie vat nie. Jy sal nie op my vliegtuig kom voor jy die prys gaan betaal en die teken kry nie. Ek soek die teken."

Jy sê: "Wel ek was in die skool. Ek het *dit* gedoen. Ek . . . "

60 Ek gee nie om wat jy gedoen het nie, jy moet die Teken hê, of jy klim nie op nie. Amen en amen. Kan julle dit nie sien nie? God vereis daardie Teken. "Wanneer Ek die bloed sien, en net dan sal Ek jou oorslaan, wanneer Ek die teken sien."

61 Dit is nie vertoon nie, die verbond was nie eers geldig nie. 'n Jood kon absoluut sê en homself bewys 'n—'n besnede Jood te wees, hy kon die broers eenkant neem en sê: "Kyk hier, ek is besny." Dit het glad niks beteken nie.

62 Julle sê: "Ek's Metodis. Ek's Baptis. Ek's 'n Pinkster. Ek's *dit*. Ek's *dat*." Dit beteken glad niks nie.

63 Jy moet die Teken hê. En wanneer die Teken kom, getuig Dit van Christus. Hy het gesê Dit sou. En Christus is die Woord. En hoe kan jy ontken dat die Bybel waar is, deel Daarvan, en steeds sê jy het die Teken, as die Teken die getuienis van Jesus Christus is? Sien, dit is wat ek wonder.

64 "O," sê: "ek glo nie, ek glo die dae van wonderwerk . . . " O, pas op, daar is geen Teken daar nie. Die Teken beklemtoon elke Woord met 'n "amen," alles, want dis God Self. Sien? Nou goed.

65 Maar as die teken nie daar was nie, was die verbond nie geldig nie. Dit is gekanselleer. Dieselfde nou! Maak nie saak hoe—hoeveel jy sê, hoeveel jy sou sê: "Ek glo elke Woord in die Bybel," nie, sê: "Broer Branham, ek—ek kan vir jou die helfte van daardie Bybel, die hele Bybel, uit my kop uit opsê. Ek glo elke stukkie Daarvan." Dis goed. Satan kan ook. Uh-huh. Dit verg die Teken!

66 "Wel, Broer Branham, ek het my muur vol grade. Ek is 'n Baccalaureus Artium, en ek het 'n doktorsgraad, en 'n LLD. in Latyn. En, o, ek het boeke geskryf. Ek het dit gedoen. Ek het alles gedoen. Ek het—ek het al hierdie dinge gedoen." Ek gee nie om nie. Dis alles goed, maar jy moets steeds die Teken hê. Die Teken, steeds word die Teken vereis!

67 Jy sê: "Ek's 'n Bybelstudent. Ek's 'n—ek's 'n goeie mens. Ek is *dit*, *dat*." Dit mag mooi wees, dit is alles goed, maar steeds moet dit die Teken hê!

68 Nou, die dood was gereed om Egipte op enige oomblik te tref, en so is die dood nou ook gereed om die nasie op enige oomblik te tref.

69 Anna Jeanne, ek voel ietwat soos jou pa, het eenkeer 'n opmerking gemaak. Ek het nog altyd daarvan gehou. Hy het gesê: "Jy weet, hierdie nasie, met dieselfde sondes, as God Amerika laat wegkom met wat sy doen, sal Hy moreel verplig wees om Sodom en Gomorra op te wek en hulle om verskoning te vra, dat hulle verbrand is." En dis reg.

70 Onthou, Israel het betaal vir elke sonde wat sy gedoen het, en so sal ons. Hoe slap het ons geraak? Maak die wapenrusting stywer! Keer terug na God toe, kerk! Sê nie hierdie dinge om anders te wees nie. Ek sê dit vir julle as 'n waarskuwing. Julle moet glo!

71 Die dood was gereed om te tref. God het hulle Sy goedheid en Sy genade getoon, deur kragte en tekens en wonders (so het Hy vandag voor die Kerk weggeneem word), tog het hulle verkies om hulle nie te bekeer en die boodskap te glo nie.

72 Sien, daar was 'n boodskap net voor die uitneem van die kerk. Daar moet altyd wees. Dieselfde nou. Elke geestelike gebeurtenis

is 'n teken van God. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Soos die Boodskap, is daar 'n teken, en dan volg die Boodskap die teken. God het vir Moses gesê, het gesê: "As hulle nie die stem van die eerste teken wil glo nie, sal hulle dalk die stem van die tweede teken glo."

73 Nou, wanneer julle tekens sien gebeur, en geen boodskap daaragter nie, net dieselfde ou skool van teologie en so aan, was dit nie van God nie. Maar waar daar 'n teken gewys word, volg 'n Boodskap dit. Kyk nou. Jesus het op die toneel gekom . . .

74 Is ek oorverdowend? Of wie ook al hier op hierdie mikrofoon is, klink of dit terugkom. Miskien is dit 'n bietjie hard. Ek wil hê julle moet dit begryp.

75 Toe Jesus op die toneel gekom het, het Hy nooit vreeslik baie vir mense gesê nie, elkeen wou Hom in sy kerk hê. "O, hierdie jong Profeet, ons is tog so bly om Hom te hê." Hy het die siekes genees. "O, glorie aan God. God het 'n groot Man onder ons opgerig." Dit was mooi. So eendag kom dit by 'n punt tot waar . . . Dit was Sy teken.

76 Jesaja 35 het gesê dit sou 'n teken wees. "Die verlamde sal opspring soos 'n hert," ensovoorts: "die blindes sal sien." Dit was 'n teken.

77 Hy het Sy teken as Messias vertoon, ensovoorts. En hulle, baie van hulle, het gesê: "Ja, ek sou dit kon aanvaar." Wel, nou, as dit 'n teken was, moet daar 'n stem van daardie teken wees. Wat was die stem daaragter? Toe Hy Sy leer begin verkondig en hulle 'n klomp slange in die gras genoem het. Van toe af was hy nie gewild nie, sien, toe die stem saam met die teken gekom het. Die teken het eerste gekom.

78 Moses het daar in Egipte ingegaan met 'n teken. En hy het sy staf neergegooi, het verander in 'n slang. Dit was teken. Maar na 'n ruk, het die stem saam met die teken gekom. Toe was dit anders. Sien, hulle wil dit nie hê nie. Die—die stem, moet wees, 'n teken volg. En op geen ander tyd sou dit ooit kon kom, as daardie tyd nie, want dit was tyd vir die Skrifte om vervul te word. Kyk wat Hy vir hom gesê het, in die brandende bos: "Ek het die gekreun van My volk gesien en hulle gehoor, en het die verdrukking van die slawedrywers van Egipte gesien, en Ek onthou My belofte wat Ek aan Abraham gemaak het." Vierhonderd jaar het verbygegaan, en wat Hy het vir Abraham gesê hulle daar sou wees. Sien, dit kon geen ander tyd wees nie. Moses moes net op daardie tyd kom.

79 God se groot horlosie tik perfek. Dit sal nie een minuut voor of een minuut agter wees nie. Dit sal net presies op tyd wees. Wel, so, julle sien, alles het net reg geloop, kon nie op ander tye kom nie.

80 Hierdie dinge kan ook nie op ander tye kom nie. Dit kon nie in die dae van Luther kom nie. Dit kon nie in die dae van Wesley

kom nie. Die dae van die Baptiste of Metodiste, in hulle dae, kon dit nie kom nie. Dit moet nou kom. Israel moet 'n nasie wees. Die kerke moet wees soos hulle nou is. Daar moes 'n derde boodskap, 'n derde kerktydperk, wees. Daar moes 'n Laodicea wees. Dit kon nie vorm voor die Pinksterbeweging gekom het en doodgegaan het, en uitgegaan en georganiseer het, en gedoen het wat hulle het nie. Dan moet dit kom, dan kom die Here, wanneer hulle Hom uit die kerk uitgesit het. Hy is die Woord.

81 Hulle is bang om daardie Woord enige plek uit te daag. Hulle bly vreeslik stil Daaroor, maar tog maak hulle 'n ophef daarvan.

82 Chicago, hier nie lank gelede nie, toe die Here my 'n visioen gegee het. Ek het driehonderd predikers daar gehad. Ek het gesê: "Nou, ek weet wat julle . . . " oor die slang se saad, ensovoorts, ek het gesê: "een van julle neem jou Bybel en kom staan langs my en bewys dit verkeerd." Die stilste klomp wat jy ooit gehoor het. Ek het gesê: "Bly dan van my rug af." Sien, dis buite hulle skool van denke.

83 Tog, hulle sê: "Broer Branham is 'n profeet wanneer hy gesalf is, maar wanneer die salwing van hom af is, o, ek weet nie." Watter . . . As dit nie 'n teken van 'n—'n—'n—'n deurmekaar teoloog is nie! Die blote . . .

84 Die woord *profeet* beteken "'n Goddelike openbaarder van die Woord." Die Woord van die Here het na die profete gekom. Dis hoe Jesus geïdentifiseer is. En hulle het na die opstanding gesê, hulle het gesê: "Ons weet Hy was 'n profeet van God," sien, "geen mens kon hierdie dinge doen tensy God met hom is nie," en wou toe nie Sy boodskap aanvaar nie. Hulle wou vir Johannes aanvaar nie, en hy was 'n profeet. Wou nie vir Elía aanvaar nie, geen van die res van hulle nie, en hulle het die Goddelike openbaring gehad.

85 Die woord, die Engelse woord, *prophet*, [Afr. "profeet"—Vert.], Engelse woorde kan enigiets beteken, dit beteken "'n prediker." Maar wanneer jy sê *profeet*, van die ou Bybel, het dit "'n siener" beteken. En sy getuigskrif was, dat, wat hy gesê het, uitgekom het, en dit was 'n teken dat hy 'n profeet was; hy, ook was dit die teken dat hy die Goddelike openbaring van die geskrewe Woord gehad het. En dan God wat dit, na hom, bevestig, het dit bewys.

86 Hoe? Wel, dit moet net so wees, dis al. Daar is geen manier om daarby verby te kom nie. God het gesê dit sal so wees, en daar het jy dit. Maar daar is dit vandag, sien, daardie Teken moet daar wees, wat daardie Woord indentifiseer en dit presies waar maak. Dan hoe het Hy belowe aan, hoe het Hy al Sy beloofde land mense nou voorberei, toe Hy hierdie eksodus sou hê, wat 'n tipe was.

87 Nou ek gaan probeer om klaar te wees met die Boodskap, oor omtrent nog vyftien, twintig minute. Let nou mooi op, ek wil hê julle moet dit begryp, want ek sien julle dalk nooit weer nie, sien.

Let op, hou nou dop hoe Hy Sy mense voorberei het.

88 Hoeveel weet dat Hy nooit Sy weë verander nie? Hy doen dit nooit. [Gemeente: "Amen."—Red.] Hy's . . . nou kyk deur die Bybel en kyk of Hy dit ooit verander het. Nee, meneer.

89 Hoe het Hy die mense voorberei? Eers het Hy 'n profeet gestuur met 'n teken, wat Moses was. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En die teken het 'n boodskap gehad, 'n boodskap om "gereed te maak," hulle sou uitgaan na die land wat beloof is. Dan het Hy identifikasie gehad, van hierdie profeet, dat daar 'n Lig bo-oor hom was. 'n Vuurkolom het hierdie profeet gevolg, dit weet ons, het deur die woestyn gegaan saam met Moses. Ons besef dit. En toe het Hy vir hulle 'n teken gegee te versekering dat hulle nie bevrees, heeltemal onthuts en senuweeagtig hoef te wees nie; waar Hy gesê het: "Wanneer Ek daardie teken sien, sal Ek by julle verbygaan."

90 Let op hoe Hy nou gemaak het. Hy het eers 'n teken voorberei, 'n boodskapper, geïdentifiseerde boodskap, identifikasie van die boodskapper, en 'n teken ter versekering dat die reis betaal is. Hulle is oppad na die beloofde land.

91 Dieselfde ding het Hy vandag gedoen! Wat het Hy gedoen? Hy het vir ons die Heilige Gees gestuur. Die Heilige Gees is die Boodskapper, en die Skriftuurlike identifikasie van Homself identifiseer Hom onder ons, dieselfde gister, vandag en vir altyd. En die Teken is die versekering. Waarvoor is ons bang? Ons reisgeld is reeds betaal en ons is geïdentifiseer met ons Offerhande. Hy kan jou nie wegwys nie. Hy het dit belowe. Ons is geïdentifiseer.

92 Israel wat uit Egipte kom, soos ek gesê het, is soos die—die Bruid wat uit die kerk uitkom. Toe Moses sy bediening begin het, het Israel almal in Gosen bymekaargekom, vir gebed en aanbidding, presies, het uit alle dele van die Egipte gekom. Dis hoe die Bruid sal maak, dit sal kom uit almal van die Eenheid, Tweeheid, Drieheid, en alle ander soorte. Dit sal uitkom. Dit moet. Nou ons lees hier in Hebreërs die . . . Ons nou, die eerste ding waaraan ons moet dink, kom uit alle dele: "Kom uit vanuit ongeloof." Nou die Heilige Gees het belowe om dit te roep in die laaste dae: "Kom uit tussen die ongelowiges." Let op.

93 Ons vind uit in Hebreërs 10:26, ek het hier neergeskryf, daar staan dit: "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die Waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie," sien, as jy opsetlik nie glo nie.

94 Nou, as julle sal oplet, wat ek ek hier kan sê, as julle my 'n oomblik sal gun tot ek daardie illustrasie gemaak het. Ek kon in die Gees aanvoel, het nie reg oorgekom nie. Sien? Let op.

95 Hier is Hebreërs, hulle is op hulle pad uit. God het twaalf man gekies, of Moses het, deur die hand van God, om soontoe te gaan en die land te gaan verken; en terug te kom, 'n teken

van die land saam te bring. En toe hulle daar kom, was tien van hulle doodbang. "Wel," het hulle gesê: "daardie Amelekiete daarbo, ons lyk soos sprinkane teen hulle." Josua en Kaleb het teruggekom, die bewys teruggebring: "Ons kan dit doen!"

96 Julle sien, dis grensgeval gelowiges. Hulle kom deur hierdie verskillende elemente, en deur die kerk, en sluit by die kerk aan, en dope en vorms. Maar wanneer dit kom by oorgaan om die Teken te kry, die bewys dat die Land daar is, dat Lewe. . . Jesus Christus nie dood is nie. Dis 'n ander dimensie. Hy lewe daarin. Hy is met ons, Hy is nou in ons. Wanneer dit daarby kom: "ah," dit kon hulle nie glo nie. Dit was te veel, jy sien. En hulle het teruggekom, en hulle, almal, het in die woestyn gesterf, nie een van hulle het oorgegaan nie. En, sien, as ons nie glo nie, ons Metodiste, Baptiste, Presbiteriane!

97 Ek hoop my ou leraar sit vandag hier. Doktor Roy E. Davis, baie van julle ken hom, reg hier by Fort Worth, hy sit miskien hierbinne. Ek onthou ons het hierdie dinge, baie, baie jare gelede bespreek. Hy het my in die geloof gedoop, 'n Sending Baptiste kerk.

98 En kyk hierby, nou, as ons. . . as—as ons by daardie grenslande kom, sê: "Wel dan, glorie aan God, ek het in tale gepraat, halleluja!" Dit is nie dit nie. As jy kan sê, enige deel van daardie Woord nie glo nie, is daar iets verkeerd met jou ondervinding. Sien?

99 Jy kom tot reg by die Land en sien dit is daar. Jy sien dat Jesus opgestaan het. Hy is tussen ons. Jy hoor die Woord wat die boodskap volg en glo Dit steeds nie, weet jy wat gebeur? Toe het hulle reg in die woestyn gesterf. "As ons opsetlik sondig nadat ons die kennis van die Waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie." Dis wat die Boek van Hebreërs vir ons sê.

100 En kyk nou, soos ons die groot eindtyd tekens op die aarde sien, wat Hy beloof het, hoeveel te meer waarsku dit ons dat die tyd op hande is. Hou op om nie te glo nie. Kom bymekaar. Ons moet mekaar liefhê en glo, en onsself van die wêreld afsonder.

101 Let op, hulle moes nie net bymekaarkom en oor die boodskap praat nie. Hulle moes daarin kom, onder die bloed kom. Nie kom sê: "Julle weet, Moses het vir ons gesê, die boodskapper, hy het gesê, hy het ons vertel dat ons bloed moet hê. Wat dink julle daarvan, kêrels?" Dit was nie dit nie. Kry die lam geslag, en kry die bloed daarbo!

102 Ons kan kom sit en met die Woord saamstem, en wat nog, maar daardie Teken nie hê nie, watter nut het dit vir ons? Geen nut nie. Kom Daaronder. Hy was nie verantwoordelik vir enigeen onder daardie bloed uit nie. En Hy is nie verantwoordelik vir enigeen, vandag, onder daardie Teken uit nie.

103 Die hele gesin, net veilig as hulle onder die teken was, en die teken vertoon is. Die gehele gesin! Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Vandag behoort ons dit te onthou, mense. Ons kinders!

104 En hierdie tienerjare van bog en ruk-en-rol, en dinge waardeur ons gaan, en al hierdie Beatles en kewers hier, en weet julle dat alles hier uitgebeeld is in die Boek, van die Bybel? Dit staan in Openbaring. Sekerlik, dit is. Hoe mense, hulle, hulle is—hulle is. . . hulle, hulle, sien, hulle, hulle is nie. . . Hulle is dood. Hulle kan nie opstaan nie. Hulle was nooit Ewig nie. Hulle was nie eens in die Gedagtes nie, so hulle sal vergaan. Hulle sal vir ewig klaar wees, totaal uitgewis. Hulle sal vir eeue van tyd gestraf word, vir wat hulle gedoen het, maar enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde.

105 Dis dit wat geen begin gehad het nie, wat geen einde het nie. Daar is net een vorm van Ewige Lewe. Een vorm van Ewige Lewe, ons strewe daarna. Let op.

106 Josua, die 2de hoofstuk van Josua, die gelowige Heidense hoer het gehoor, en haar familie, en hulle onder die rooi lyn gebring, wat 'n teken van die boodskappers van Josua was. God se verwoestende Engel het daardie teken in ag geneem, en net dit, in daardie stad. Daar was God se vereiste, deur Sy diensknegte, dat God hierdie teken vereis het, en dit was die enigste. Ek gee nie om of dit die burgemeester van die stad was, of dit die heiligste man in die stad was, of hulle na die grootste kerk in die stad toe gegaan het nie, alles in die stad het geval behalwe daardie huis. God het daardie teken alleen in ag geneem.

107 Let op, Jérigo het gehoor dat God groot dinge gedoen het, maar hulle het hulle nie aan die waarskuwing gesteur nie.

108 So hoor die mense vandag wat God hierdie laaste paar jare gedoen het, maar hulle steur hulle nie daaraan nie. Hierdie groot krag van goedheid en tekens, soos Hy beloof het: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees." Hoe het Hy belowe daardie ding sal so wees! Kyk wat het in Sodom gebeur. Onthou, daar was die teken van Sodom. Maar die boodskapper, van Maleagi 4, moet "die harte van die mense tot hulle vaders, die pinkstervaders, terugbring na die Bybel." Daar kan nie meer Bybel, iets anders, wees nie. Hierdie is die volle openbaring van God.

109 En iemand sê: "Wel, ek glo *hierdie* deel, ek weet nie Daarvan nie."

110 Die ware boodskapper van God skakel jou terug na die hele Ding! Sien? Let op, dis wat die Heilige Gees doen, bring jou terug na elke Woord van God.

111 Sy genade is getoon, Sy oordeel was volgende. Hulle moes geglo het dat hulle veilig is in hulle yslike groot denominasionele geboue wat hulle daar in Jérigo gehad het, maar hulle het uitgevind dit het nie gewerk nie.

112 Daar moes somminge gewees het van die . . . het miskien op ’n manier daar ingekom, daar was ’n paar kêrels wat daar ingekom het, en gesê het al die uitverkore saad moet byeengebring word. En sy het gekry . . . en sy het haar huis as ’n kerk gebruik, en het die boodskappers ontvang; en toe almal in haar stad, wat wou glo, onder die teken gebring.

113 Een vrou in daardie hele groot ekonomie! Een vroutjie, en sy met ’n slegte reputasie, waarskynlik verban uit elke kerk in die stad, maar sy het daardie boodskapper geglo. En daardie boodskapper het die teken gelaat, die bewys, en God het die teken in ag geneem. So is dit vandag. Onthou net, toe God se woede vernietiger wat gekom het, daardie groot stelsel geval het, het die teken haar huis veilig gehou. Nie omdat sy ’n goeie vrou was nie; omdat sy geloof gehad het en die teken aangewend het.

114 Nou wat as sy gesê het: “Ja, hulle was goeie manne, ek het regtig die boodskap wat hulle gegee het, geniet, maar, eerlik, dit klink soort van verspot om daardie tou by my venster te laat uithang, ek sal dit sommer net intrek”? Dit sou geval het. Dit sou geval het. God het slegs die teken in ag geneem, nes die lewensteken in Egipte is.

115 Josua was ’n tipe van Jesus, want *Josua* beteken “Jehova-redder.” Hy was ’n tipe van Jesus, was getrou aan die tekenbewys wat sy boodskapper gepreek het. Josua het getrou gebly aan daardie tekenbewys. Almal daaronder is gered, in Egipte. Almal daaronder is gered, in Jérigo.

116 Die Lam se Bloed is ’n tipe vandag van die Teken, waarvan die Heilige Gees vandag die Teken is. Almal Daaronder is veilig. Almal Daaronder uit is nie veilig nie. In Hebreërs 13:10 en 20 word Hy genoem “die ewigdurende verbond.” Die ou verbond was een ding, hierdie is die Nuwe, hierdie is “die ewigdurende verbond.”

117 God, God se Bloed-gebonde beloftes, maak ons van sonde en skande vry, en anders as die res van die wêreld. Julle hoef nie anders aan te trek nie; enigiemand kan anders aantrek. Jy moet, aan die binnekant, anders wees. Die Lewe is aan die binnekant; nie aantrek, dra, nie. “Die Koninkryk van God is nie vleis en drank, of die dra van ’n gewaad nie; maar dit is die lydsaamheid, goedheid, sagmoedigheid, geduld, in die Heilige Gees.”

118 Nou, die beloftes maak van sonde vry, wys dat God jou sonde nie—nie herken nie. Dawid het gesê: “Geseënd is die man aan wie God nie sonde toereken nie.” En God sal nooit sonde oor daardie Teken toereken nie, want die Teken is die betalingsbewys dat God dit alreeds ontvang het. En jy het die teken daarvoor, die pry- . . . jou geloof het dit gekoop. En jy het die koopprys van jou verlossing in jou liggaam, om Hom te aanbid en Sy beloftes en krag te vertoon.

119 Die *Nuwe Testament* beteken "nuwe verbond." Die *Bloed* beteken "Lewe." Die Nuwe Testament is die Heilige Gees testament, die Heilige Gees wat getuig daarvan dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het, het gewys dat Jesus elke vereiste vir ons nagekom het, en vandag leef. Die Teken bewys dat Hy leef om Homself met ons te identifiseer, volgens Sy belofte. Nou hoe kan 'n mens die Bybel lees en sien dat Hy dit beloof het, en Christus sien terugkeer in hierdie laaste dae in die vorm van die Heilige Gees en Homself lewend identifiseer? Dis die Teken. Dis die bewys. Dis die prys wat betaal is.

120 Moet nooit op een of ander sensasie vertrou nie. "Ek het rillings langs my rug voel afgaan. En—en ek—ek het iets geruik; bloed aan my hande gesien," of olie. Of—of: "Ek het my Baccalaureusgraad verwerf." Of: "Ek het in die Gees gedans. Ek het uitgeroep. Ek het in tale gepraat," nie. Daardie dinge mag in orde wees. Ek het niks teen hulle nie, maar dis nie waarvan ek praat nie.

121 Ek praat van die identifikasie van die Teken, Jesus Christus, opgewek en nou in ons, wat Homself identifiseer, om Sy beloofde Woord van hierdie dag te herbevestig. Amen. Dan is jy en Christus een. God en Christus is een. "Daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Daar is God gemanifesteer in menslike vlees, wat Homself lewend vertoon, na tweeduisend jaar. Dis die Teken.

122 As julle nie in is nie, kom sommer gou in, vriende. Dit mag vir ewig te laat wees. Ons weet nie.

123 Vertoon Sy Teenwoordigheid, Nuwe Testament, die Bloed. En Dit leef nou, maak bevestigings. En omdat Hy is, het ons die reg tot alles wat Hy vir ons gekoop het. 'n Man wat die doop van die Heilige Gees het, of 'n vrou wat die doop van die Heilige Gees het, het 'n reg tot alles wat Jesus vir ons gekoop het, want dis die bewys wat ons het. Dis die koopkrag.

124 Sê byvoorbeeld, julle sê: "Wel, Broer Branham, wat bedoel jy?"

125 Hier, maak dit nou duidelik, en ek wil hê julle siek mense moet dit begryp. Kyk, as ek sterwend was van die honger, en ek weet 'n brood kos, sê, vyf-en-twintig sent, en 'n broer kom daar aan en sê: "Hier is vyf-en-twintig sent, Broer Branham. Jy gaan dood van die honger; vat hierdie vyf-en-twintig sent." Nou, julle weet, ek kon net so bly wees met daardie vyf-en-twintig sent in my hand, as wat ek kan met die brood in my hand, want ek het die koopsom. Ek het die teken wat die brood kry. En net daar is die brood; en die enigste ding, ek hou die teken, die vyf-en-twintig sent wat die brood koop, ek kan net so bly wees oor die teken as ek kan oor die brood.

126 Nou, as jy die doop van die Heilige Gees het, is dit die Teken dat jy elke verlossingsding het waarvoor Jesus gesterf het, behoort aan jou, dis in jou hand. Is jy bang om dit op te eis?

127 As ek dit in my sak sit, en sê: "Wel, ek weet nie of ek daardie brood kan koop of nie," sal ek doodgaan van die honger. Maar onthou, die handelaar sê: "Ek het een vereiste, Mnr. Branham. Een vyf-en-twintig sent stuk, dan kan jy die brood kry." Ek het dit! Amen. Dit beklink dit.

128 Dis waarom ons nie vandag so baie dinge gedoen sien nie, die Teken word nie vertoon nie, die ware Teken. O, ons het allerhande namaaksels, maar ek bedoel die ware Teken.

129 Kyk, dan wanneer ons besef en die Teken aanbied, praat die Lewe wat dit vir die Teken geneem het, die Bloed, vir ons. Onthou, die Verbondsbloed is met die Teken herken, en die Woord verseker ons van die belofte. Die Teken is die bewys dat die koop vir ons gemaak is.

130 Nou, as jy nie daarby ingesluit is nie, wel, natuurlik, sal jy nooit iets kry nie; jy loop net deur 'n gebedsry, loop weer uit; loop tot by die altaar, en kyk op, loop weer uit.

131 Maar, o, broer, wanneer daardie Teken eenmaal in jou— jou— jou hart geplaas is, en jy weet dis die opstanding van Jesus Christus in jou, gebeur daar iets. Daar is niks wat jou gaan laat draai nie. Jy weet waar jy tuishoort. Volle gehoorsaamheid aan die hele Woord van God maak jou geregtig op die Teken, en niks anders nie. "Geseënd is hy wat al Sy Gebooie nakom, hy kan die reg tot die Boom van die Lewe hê."

132 Dan, wanneer ons bid, moet ons die Teken hê om aan te bied met ons gebede. Nou moet dit nie mis nie. Wanneer jy bid, moet jy die Teken hê om oor jou gebed te hou; as jy nie het nie, hou aan bid tot die Teken kom, want jy is nie belowe om dit te ontvang nie. Sien, jy moet eers hierdie Teken hê; dis die koopprys, jou geloof om dit te glo.

133 Nou, bewys van volle gehoorsaamheid. Vrees is weg. Paulus vertel ons dat: "Die Bloed van beter dinge spreek."

Julle sê: "Die Bloed praat?" Ja, die Bloed praat.

134 In Génesis 4:10, vind ons uit dat God gesê het dat—dat Kain se . . . of: "Abel se bloed uitgeroep het van die aarde af." Ons vind uit in Hebreërs 12, dat: "Die Bloed van die verbond van Christus spreek van beter dinge as dié van Abel." Sien? Ons vind uit die Bloed praat wel, Dit spreek om jou ontwil. Die Lewe wat in jou is spreek van die gestorte Bloed. Amen. O, broer! Ek wens almal kon dit sien. Sien? As jy kan sien wat dit is, dis die Lewe wat daar in jou is. Sien, daardie Bloed identifiseer jou Daarmee. Dis die Teken. Die . . . Wat dit is, die Bloed is vir jou gestort; jy het aanvaar, en die Lewe het in jou ingekom. Jy het die Teken, dis die Heilige Gees.

135 Dan wanneer ons bid, moet ons die Teken hê om saam met ons gebede aan te bied, soos ek gesê het, en nou vir onsself glo en die Teken toepas op die hele gesin, soos in Egipte, Jérigo, of ook in Handelinge 16:31. Ons vind uit dat Paulus vir die Romeinse hoofman oor honderd vertel het, sê: "Glo en jou hele huisgesin sal gered word." Pas Dit op jou gesin toe. As jy 'n ongeredde kind het, lê die Teken sommer bo-op hom, sê: "Here God, ek eis hom op." Bly net daar. As jy 'n moeder of 'n geliefde het wat verlore is, lê daardie Teken op hulle, sê: "Here God, ek eis dit op."

136 Raak ontslae, van al die wêreldse vuilgoed, uit jou huis uit, maak Daarvoor gereed. Verbrand jou kortbroeke. Gooi jou kaarttafels weg. Raak ontslae van jou sigarette. Gooi jou ongeloof en jou kerkpapiere in die vullisdrom, waar hulle hoort. Amen. Dan maak jy gereed. Doen dan wat? Pas dan die Teken toe in gebed, met ware getuienis, ware geloof. Pas Dit toe, pas Dit toe met vertroue. Wanneer jy die Teken toepas, weet dat jy skoongemaak is. "As ons harte ons nie veroordeel nie, dan kry ons ons versoek."

137 Solank julle mense daardie dinge doen wat verkeerd is, hoe gaan julle vir God vra om enigiets vir julle te doen as julle weet julle is verkeerd? Dis waarom ons net opsteier en terugsteier. Ek sê dit nie om seer te maak nie. Ek sê dit om reg te stel, om dinge reg te kry. Hoe gaan jy dit bou op die asse van 'n Sodom en Gomorra? Kom terug!

138 Verenigings en predikante het mense enigiets laat doen, en laat wegkom daarmee, en plaas net hulle naam in 'n boek en noem hulle, *dit*, *dat*, en die *ander*, wanneer dit 'n oneer is. En dit het so geword dat geloof iets is wat nie eers . . . weet selfs baie selde ooit wat dit eers is. Hulle, hulle het 'n hoop, maar geen geloof nie.

139 Julle moet terugkeer, na, waar alles uitgekam en skoon is. Neem dan jou Teken, wat jy weet dat dit Jesus Christus in jou is, pas Dit dan toe. As iets nie gebeur nie, is daar iets verkeerd; gaan weer terug, het die verkeerde ding in jou hand. Hy het dit belowe. Hy was die Een wat dit belowe het. Pas Dit toe. Lees Efésiërs 2:12, een of ander tyd, as jy—as jy wil, en jy sal daar uitvind.

140 Let op, in Hebreërs 9:11 ook. Paulus het gesê: "Wat die lewende God dien, met lewende godsprake." Sê nie asof ek sou heengaan soos 'n Hebreër gemaak het, om sy offer te neem, en padlangs te kom, met 'n groot vet jong os, en sy hande daarop te lê en homself te identifiseer, en die bloed te stort, geregverdig terug te keer, nie. Jehova het dit vereis. Hy het dit gedoen. Dan het die volgende geslag, miskien het hulle 'n bietjie kouer geword; iemand anders, het 'n bietjie kouer geword. Voor jy jou kom kry, het dit 'n familietradisie geword.

141 Dis wat pinkster vir ons geword het, 'n familietradisie. Ons kom daar, sê: "Was daardie televisie-vertoning nie vanaand nie nogal goed nie? Wonder wat het hulle daar by die kerk gedoen? Here Jesus, genees . . . " O, genade! Sien? Dis 'n familietradi- . . . "Jy weet, ek het nou die dag in tale gepraat. Ek behoort aan *dié*, of *daardie*, weet jy. Uh-huh." O, dis 'n familietradisie!

142 Weet julle wat God gesê het? God het gesê: "Julle vette en ramme stink in my neus. Dis reg, julle offerhandes het 'n stank geword."

143 En so het die Pinksterofferhandes, en al ons denominasionele te kere ganery en gedoente, en ons vroue en mans wat maak soos hulle maak, 'n vorm van godsaligheid; werk die musiek op, en iemand spring 'n rukkie op-en-af; en dit is alles oor, asof 'n emmer water daarop gegooi is, as dit gebeur dat die Woord van God na vore kom en iets sê. Wat is die probleem? Julle offerhandes begin te stink voor Jehova.

144 En dit was in daardie tyd dat die Jesaja op die toneel gekom het, en vir hulle gesê het: "Ek sal vir julle 'n ewigdurende teken gee, 'n maagd sal swanger word." Sien, daar is dit. Nie dooie vorms en belydenisse nie, nee; maar lewende godsprake, 'n lewende God wat uit die dode opgewek is, en tussen ons lewe.

145 Sommige van hulle, hierdie kerke soos dié, wat hierdie dinge glo, hulle ontken dat daar so-iets soos die Teken is. Wel, 'n kêrel het my probeer vertel: "Net die twaalf apostels het die Heilige Gees ontvang. Dis al wat daar was. Ja." O!

146 Maar ons wat die Woord glo, weet anders, ons weet dat dit die lewende Teenwoordigheid is. Want hoe weet ons dis die lewende Teenwoordigheid van Christus, die Gees wat tussen ons is? Dit doen dieselfde ding wat Hy doen. Dis die bewys daarvan. 'n Wingerdstok word geken aan die vrugte wat dit dra. En dan as daardie eerste wingerdstok opgekom het en hulle 'n Boek van Handelinge daarna geskryf het, en dieselfde ding wat Jesus gedoen het, het die apostels gedoen; dan wanneer daardie wynstok weer opkom, doen dit dieselfde ding. Sien, Hebreërs 13:8 sê Hy's dieselfde, o, goeiste, bewys dat God Hom vir ons opgewek het, volgens Sy beloofde Woord. [Leë kol op band—Red.]

147 'n Seël van belofte! Efésiërs 4:30 sê: "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." Nie tot die volgende herlewing nie. "Tot die dag van julle verlossing!" Deur Daarin gedoop te wees, volgens Een Korinthiërs 12. En in Hom is die volheid, en geen sonde word in Hom herken nie. "Hy wat uit God gebore is, doen nie sonde nie. Die saad van God bly in hom, en hy kan nie sondig nie." Hoe kan hy, as die Teken daar is? Die Teken is die bewys dat hy aanvaar is.

148 En, wel, jy sê: "Ek sondig." Wel, dan het jy nooit die Teken gehad nie. Sien?

149 Die Teken is die grens, wys dat die prys betaal is. As Satan jou dit probeer aangee . . . Dink net hieraan. As Satan jou een of ander siekte probeer aangee, of jou iets probeer aangee, weet jy wat om te doen? Wys vir hom jou Teken. Sekerlik, siekte tref die Christen. Wys vir hom jou Teken, en bewys vir hom dat jy 'n gekoopte produk van God is. "Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug." Hou die Teken oor jou onbeweeglike geloof in Sy beloofde Woord.

150 God het eenmaal 'n reënboogbewys as 'n teken gegee. Ek sluit af. Het 'n reënboogbewys as 'n teken gegee. Ek het net omtrent nog tien minute, en het dan 'n gebedsry. Hy het altyd aan daardie teken getrou gebly. Het Hy? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy is nogsteeds. Al hierdie duisende jare, het Hy nog nooit een maal, een keer, gefaal om dit te vertoon nie. Hy was getrou aan daardie teken, wys vir ons dat Hy altyd . . . en nooit sal faal om Sy tekens gestand te doen nie. Ek gee nie om of dit . . .

151 As Jesus vir tienduisend jaar nie kom nie, het julle nogsteeds die Teken, en moet Hy Dit nogsteeds eer. Maak nie saak hoeveel dinge verander, en wat ook al nog nie, Hy moet daardie Teken eer. Hy het gesê Hy sal. Nou goed. Hy verwag van ons om nou Sy Teken te vertoon, oor ons God-gegewe geloof, aan elke ongelowige sekte in die nasie, en in die wêreld, wat glo dat tekens en wonders nie die gelowiges volg nie. En wees getrou aan hierdie Teken, en Dit wys dat die reisgeld betaal is en dat ons aangeneem is vir die opstanding, met die Teken-Lewe binne-in ons.

152 Dis 'n snydende Boodskap, maar dis die Waarheid. Dis wat ons nodig het, is Waarheid. God help ons om die Waarheid te ken. "Julle sal die Waarheid ken, en die Waarheid sal julle vry maak." Ek maak daarop aanspraak dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag en vir altyd. Ek glo dat God die Heilige Gees gee as 'n Teken, nou, net voor die eksodus, van die—van die Bruid wat uit die kerk uitgaan.

153 Ek glo daar is soveel kaf, en mense wat sê hulle het uitgeroep, hulle het in tale gepraat. Ek glo in daardie dinge; maar jy kan nie daarop staatmaak nie. Hoe kan jy daarop staatmaak, en dan die Woord ontken? Sien?

154 Die Teken is die Woord geïdentifiseer in jou, wat Homself uitleef. Dis God wat Sy Eie interpreteerder is. Jy hoef nie te sê: "Wel, nou, interpreteer jy my taal," nie. Dis nie dit nie. Hy interpreteer jou lewe deur die Woord. Wanneer Hy jou woord neem, wat jy is, en Sy Woord daardeur identifiseer, is daar geen interpretasie nodig nie, dis alreeds daar. God doen Sy Eie interpretasie, en ons het hierdie beloftes vir die dag gehad.

155 O, Dallas, julle lieflike klomp Christene, moenie weggevoer raak deur hierdie goed vandag, wat julle sien rondgaan nie, want dit sal vergaan. Speel daardie Teken altyd, vertoon daardie Teken. Lees die Bybel. Kom by alles uit. En as jou gees in jou nie

"amen" sê Daarop nie, dan moet jy liewer terugkom, ruil dit wat jy het, vir die Teken; jy het Dit nie.

156 Ek weet dis 'n hele klomp om in een namiddag hier te sê. En dis nou vier-dertig. Dis nou tyd, en as ons teen vyfuur kan uitkom met die gebedsry.

157 Glo julle dat Jesus Christus leef en vandag heers? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle wat ek julle vertel het is die Waarheid? ["Amen."] Dis die Teken, die vereiste. Ek kan net praat wat die Waarheid is. Ek praat net wat ek sien, wat ek hoor, wat aan my openbaar word. En hoekom ek dit sê, van die tienduisende maal duisende kere, het dit nie een keer ooit gefaal om waar te wees nie, nou dit moet God wees. Dit moet God wees. Wel, sou God so 'n bediening aan iemand gee wat nie weet waarvan hulle praat nie? ["Nee."] Sou Hy Homself identifiseer as daardie siener daar, en dan omdraai en vir hom 'n verwarde Woord gee? ["Nee."] Die kêrel wat Dit ontken, is die een wat verward is. En God is nie verward nie. God is Sy Eie interpreteerder.

158 Ontvang die Teken! Moenie staatmaak op aansluit by enige kerk of enige vorms, of enigiets nie. Kry die Teken! Hou Dit. Dis die enigste ding wat God sal erken. Wanneer jy by daardie uur aankom, wanneer dit by jou dood kom, moet jy liewer daardie Teken oor jouself hou; in die wete dat in die dag van Sy koms, daardie opstanding, kan ek daardie Teken aanbied. Dit sal nie in hierdie liggaam wees nie, dit het verrot; maar in hierdie Gees, wat nie kan sterf nie, dis Ewige Lewe, die Teken rus daar. En Hy het belowe: "Ek sal hom weer opwek in die laaste dag."

159 Daardie selfde Jesus Christus is hier. Hy is die Boodskapper. Hy . . . *Hier* is die Boodskap, en Hy is die Boodskapper hier om Sy Boodskap te identifiseer. Ek is nie die Boodskapper nie. Hy is die Boodskapper, en *Dit* is die Boodskap. En as jy 'n gees het wat *Daarvan* verskil, hoe kan dit die Boodskapper van die Boodskap wees? Slegs die Teken sal Dit identifiseer. Amen.

160 Ek voel godsdienstig. Ek voel regtig so. Ek voel asof ek sommer nou kan wegvlieg, want ek weet Wie ek geglo het, en ek het my lewe geïdentifiseer gesien met Hom in Sy opstanding. Sy Teenwoordigheid is hier. Neem Dit aan, vriende, doen dit asseblief, diep in jou hart.

161 Ek weet ons kom almal rondom die altaar en bid. Dis 'n ou Metodiste idee. Hulle het dit nooit in die Bybel gedoen nie. Die Bybel het gesê: "Soveel as wat geglo het, is gedoop." Dis reg. Nie so-iets soos 'n altaar-oproep in die Bybel nie. Dis iets wat ons bygevoeg het, wat in orde is. Enigiets wat God seën, dis in orde.

162 Soos hulle klere self. Daar was nooit so-iets in die Bybel nie. "Hulle het van die liggaam van Paulus sakdoeke en voorskote geneem."

163 Maar enige manier waarop jy dit wil doen, is in orde, in jou sitplek, by die altaar, waar dit ook al is. Die enigste ding, pas Dit toe, 'n Teken vir jou. Kyk dan na jouself, en kyk watter soort lewe wat aangaan, kyk of Dit toegepas is of nie. As Dit nie is nie, plaas dan alles wat jy het, opsy, en kom terug, tot die Teken toegepas is.

164 Kom ons bid. Hemelse Vader, miskien het ek—ek—ek kras gepraat, maar, Here, hoe gaan 'n spyker hou as jy dit nie klink nie? Ek bid, Vader, dat dit in die hart van die mense geklink sal word, dat hulle sal sien dat dit geen opgeblase ding is nie. Dis nie dat ek probeer om enige organisasie, enige kliek, enige sekte, enige persoon, of myself, of iemand anders te identifiseer nie. Dis Jesus Christus. "Ek sal al daardie organisasies bymekaar gooi," hulle is ses van die een en 'n halfdosyn van die ander, volgens U Woord. "Ou moeder hoer," die Bybel in Openbaring 17: "was die moeder van elkeen van die ontugtige vroue." En hulle kon nie manne wees nie. Hulle was ontugtige vroue, en hulle het almal in die bed van die wêreldsheid ingeklim. En ons sien dit het dit gedoen, Pinksters en al.

165 Maar, Jesus, U bly steeds Jesus. Laat hulle nie luister na 'n boodskap van 'n kerk nie; maar die Boodskap van Christus, die Woord. Mag U Uself identifiseer, Here, vandag, met gelowiges. Genees al die siekes. Vergewe ons sondes, Here. Ek—ek bid, as 'n dienskneg van U, vergewe asseblief my sondes, en vergewe die sondes van hierdie mense. Ek vertrou, Here. Elkeen van hulle het sonder twyfel gehelp met offerhandes, om te betaal vir die—die geboue, en hulle het hulle geld gespandeer, en hulle het—hulle het—hulle het alles gedoen, Here. O God, ek bid dat daar nie een van hulle sal wees wat dit mis nie, Here. Mag elkeen!

166 Ek—ek doen dit met opregtheid, en tog, Here, U moet streng wees. Ons weet, om te korrigeer, is liefde. Liefde korrigeer. En ek bid. Want dit is die rede waarom U U volk reggehelp het, was omdat U hulle liefgehad het, en elke sonde moet verantwoord word.

167 En, Vader, ek bid dat U ons sondes nou sal vergewe, waar ons hulle bely. Ons het ver afgedwaal, Here. Ek word geïdentifiseer met hierdie Pinkstermense, Here. Ek—ek is een van hulle. En ek—ek bid, God, dat U ons almal sal vergewe. En neem party van hierdie leiers en draai hulle om, en—en laat hulle een keer daar na Gólgota kyk, en dan sal hulle vergeet van wat hulle moet wees, 'n presbiter of 'n biskop, of wat dit ook al mag wees, en weet dat ons nie enige grotes in hierdie Koninkryk is nie. Ons is almal kinders van God. Ek bid dat U ons nou sal help. Identifiseer Uself vandag tussen ons. Ons vra in Jesus Christus se Naam. Amen.

168 Nou net voor ons die gebedsry begin, daar mag iemand hier wees wat nog nooit tevore hier was nie. Ek weet nie wie jy is nie, maar God ken jou. As ek die Waarheid gepraat het, laat

God dit identifiseer, of dit die Waarheid is of nie, dis die bewys daarvan. As Hy uit die dood uit opgestaan het, is Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy het in Johannes 14:12 gesê: "Hy wat glo," nie hy wat maak of hy glo nie. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Is dit reg?

169 Iemand het gesê: "'Groter sal julle doen.'" Dis reg. Het gesê: "Wel, ons preek die Evangelie, dis groter."

170 Doen net die dinge wat Hy gedoen het, dit sal dit vir my bewys, sien, dan sal ons van die groter praat. Ek kan julle wys die groter dinge wat Hy nou doen as wat Hy gedoen het toe Hy op aarde was, en dis ook nie net preek van die Evangelie nie; dis in tekens en wonderwerke. Nie tyd daarvoor nie. Glo net. En mag die God van die Hemel, Wat vir Jesus Christus opgewek het uit die dood uit, en Hom hier lewend aan ons voorgestel het, na tweeduisend jaar, hierdie Boodskap identifiseer, dat Dit reg is. Die Teken moet toegepas word.

171 Nou, julle wat siektes en probleme het, bid net opreg, sê: "Here, ek glo dat U ''n Hoëpriester is, wat deur die gevoel vir ons krankhede geraak kan word.' En ons word deur hierdie prediker hier gesê, dat U by ons, teenwoordig is, dan wil ek hê U moet teenwoordig wees by ons en Uself identifiseer." Bid nou, elkeen van julle.

172 Nou, dit hang van God af om iets te sê. Watter tyd! O, goeiste! Ek wens julle kon net iets weet, hoe jy voel as Dit kom, die hele wêreld behoort aan jou. Amen. Geen duiwel gaan iets doen nie, hy is 'n verslane wese. My Here is teenwoordig. Dis alles in ons hande. Amen.

Wees asseblief baie stil. Moenie loop nie. Sit stil.

173 Julle in die rolstoele, en goed, moenie dink julle is hulpeloos nie. Glo. Jy—jy, jy het al deur gebedsrye gegaan, en is gefaal en gefaal. Dit was nie die prediker wat vir jou gebid het, wat gefaal het nie. Dis jou geloof, en jy het al begin dink jy gaan nie iets doen nie. Jy moet glo.

174 Hier, hier is hierdie Lig hier, oor 'n gekleurde vroutjie wat hieragter sit, wat met haar hande *so* na bo staan. Ja. Jy het gebid. Ja. Glo jy ek is Sy profeet, of Sy dienskneg? Ek moet dit nie sê nie, want dit laat mense soveel struikel. Jy het 'n goeie . . .

175 Hier is 'n wit man, gekleurde vrou, net soos dit was met ons Here en die vrou by die put, twee verskillende rasse. Hy het hulle laat weet daar is nie enige verskil tussen rasse nie. Ons kleure het niks daarmee te doen nie. Ons is almal . . . Ons sal vir mekaar 'n bloedoortapping kan gee. God het, van een bloed, alle nasies gemaak.

176 Jy kry hoofpyne, geweldige hoofpyne. Dan het jy 'n las op jou hart, dis oor daardie kind. En jy . . . Dis onderdruk. [Die suster sê: "Amen."—Red.] Dis presies. Is dit waar? ["Amen."] Dis reg.

177 Die dame wat daar oorkant jou sit, sy is skynbaar met jou geïdentifiseer, wat jou moeder is. [Die suster sê: "Amen."—Red.] Dis reg. ["Prys God!"] En sy het iets met haar verkeerd.

178 Glo jy my, dame? [Die moeder sê: "Amen."—Red.] Glo jy? Jou probleem is 'n pyn in jou sy. Dis reg. Dis jou regtersy wat pyn. Is dit reg? Steek jou hand op, as dit reg is. Dit gaan jou nie meer hinder nie. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Mev. Lowell. ["Amen."] Korrek. ["Amen."] Nou goed, gaan op jou weg, die Here Jesus gee vir jou jou versoek.

179 Reg daar op die punt daarvan, sit 'n ander gekleurde vroutjie, wat kyk, wat haar net—net omtrent stukkend geskeur het. Sy kyk nou reguit na my. Sy glo dit. Dit, sien julle nie daardie Ding daar reg by haar nie? Sy ly aan nierprobleme. Dis reg. Dis nou alles verby; Hy het jou genees. Amen.

180 Hoekom glo julle nie? "As julle kan glo, is alle dinge moontlik." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hier is. . . Kyk na die gekleurde mense! Waar is julle geloof, witmense?

181 Hier sit 'n gekleurde dame net hier, kyk reguit na my, soort van 'n groot dame. Sy het probleme met haar knie. Sy het ook 'n probleem, sy het hartprobleme. Ja. En sy het swakheid, bewerasie en sulke dinge, veral as jy probeer lê, versmoor. Sien? Dit het gisteraand gebeur. Onthou, ek lees nie jou gedagtes nie, maar ek weet waaroor jy gebid het. Jy wou vandag hiervoor uitgeroep gewees het, en Hy het vir jou geantwoord. Nou jy kan ook kwalik opstaan, omdat jy artritis het. Dit is reg. En dan, nog iets, jy het 'n maagprobleem, wat 'n gewas binne-in die maag is. Dit is waar. Nou glo jy dat ek Sy profeet is? Ek sal dit nogtans sê. Glo, en jy sal gesond gemaak word.

182 Wat van *jou* maagprobleem? Glo jy, wat daar sit, ook dat God jou maagprobleem sal genees? Glo jy dit? Nou goed, dan kan jy jou genesing van jou maag kry. Amen.

183 Wil jy rook los, daar, dame? Glo jy dat God jou die rook sal laat los? Probeer al so lank. Jy het maagprobleme ook; het sigarette probeer los. Dis wat jou maagprobleme veroorsaak. Sal jy hulle opgee? Ek maak hulle vir jou afstootlik, in die Naam van Jesus Christus, vanweë jou geloof om Hom aan te raak.

Ek daag jou uit om God te glo!

184 Hier is 'n vroutjie wat daar sit, en bid vir haar. . . 'n geliefde in die hospitaal, wat sterwend is, aan kanker. Reg. Dis 'n oom. Dis reg. Jy's óf. . . Jy's 'n prediker se vrou. Glo jy met jou hele hart, die man sal gesond word.

185 Ek daag julle uit om God te glo! Wat is dit? Die identifisering van Jesus Christus. Julle sê: "Wat is Christus?"

186 Hy is die Woord. "In die begin was die Woord, die Woord was by God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

"Die Woord is skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Kan julle nie sien die Woord het tussen ons gekom in die laaste dae nie? Dis die Heilige Gees wat die Woord van God neem en vir Jesus Christus identifiseer, wat die Teken is. Amen. Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

187 Hoeveel het gebedskaarte? Laat almal aan *hierdie* kant wat gebedskaarte het, in hierdie ry *hier* kom staan. Staan net, almal aan daardie kant, staan daardie kant net hier in die paadjie. Nee, net in die regterkantse paadjie, asseblief, net daar. Aanwysers, kom na julle plekke toe. Dan wanneer hulle deurkom, laat die ander opstaan, na hulle deurgekom het, dan omgekeerd met die ander kant. Nou laat almal eerbiedig wees.

188 Die Heilige Gees het die diens nou oorgeneem, so daar is genoeg gesê en gedoen om te bewys. Hoeveel glo Hy is hier? Hoeveel glo dis die Teken? Hoeveel glo dis die Woord? [Gemeente begin juig—Red.] Kyk, hoeveel weet dat die Boek van Hebreërs gesê het, dat: "Die Woord van God onderskei die gedagtes wat in die hart is"? Hoeveel weet dit? Hoeveel weet dat dit is waarom Jesus die gedagtes in hulle hart kon onderskei, omdat Hy die Woord was? Hoeveel glo dit? Hoeveel glo dat dit is hoe dit met profete was? Hulle was dié na wie die Woord gekom het. Nou as die Woord na ons toe terugkeer, sal dit nie dieselfde doen nie? Hoe kan die Woord dan wat die Woord identifiseer, verkeerd wees volgens die Woord? O, genade! Eerbiedig!

189 Haai, hierdie vrou wat hier sit, sy het ook iets op haar hart. Ek het net toevallig omgedraai en dit gemerk. Is jy nie Mev. Grant nie? Ek het dit nooit geweet nie. Maar jy is Mev. Grant, want ek sien jou daarmee. Jy het 'n senuweeagtigheid wat jou hinder. Jy het, jou seun het een of ander . . . sy bloed, asof, dit drup. Ek daag jou uit om dit te glo! Amen. Hy is die Meester van die situasie. Hy is die Meester van die dood.

Kom ons bid.

190 Here Jesus, terwyl U Teenwoordigheid ons salf, hier in hierdie gebou, en ons daarvan bewus is dit is die Heilige Gees, bid ek, Here, dat U elke persoon sal genees wat hierdie sakdoeke dra.

191 Eenmaal, word ons in die Bybel geleer, dat U mense reg in die uitvoering van hulle plig, die Skelfsee oorgesteek het, en die see het in hulle pad gekom, op hulle weg na die beloofde land. God het neergekyk deur daardie Vuurkolom, met kwaai oë, en die see het bang geword, teruggetrek, en Israel het voortgegaan na die beloofde land, reg in die uitvoering van hulle plig.

192 O Here God, laat U oë deur die Bloed van Jesus Christus, afkyk na hierdie Teken hier, wat ons vandag oor hierdie sakdoeke hou. En mag elkeen wat dit dra, mag die siekte bang word, mag dit terugtrek en U mense laat oortrek na die beloofde land van

goeie gesondheid. "Die gebed van geloof sal die siekes red." In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees. Amen.

193 Hoeveel gelowige Metodiste predikers is hier, Baptiste predikers, Presbiteriaanse predikers, Baptiste predikers, Lutherse, of Pinkster? Hoeveel van julle glo dat Dit die Waarheid is? Kom dan hiernatoe en staan by my terwyl ons vir die siektes bid. Kom hiernatoe, al julle predikers wat glo.

194 Dis in orde, is dit nie? Broer Grant, is dit reg so? [Broer Grant sê: "Sekerlik."—Red.] Uh-huh.

195 Kom af hiernatoe, broer. Broer Grant het 'n bediening van gebed vir die siekes. 'n Moedige man, 'n goeie man, 'n man vir wie God verhoor en gebede beantwoord, Broer Grant. Ek is bly om vandag my arm om hom te sit en dit te sê, en my broer. Nou gaan hy hieronder wees, saam met my bid.

196 Wanneer julle deur hierdie ry kom, net asof julle onderdeur die kruis gekom het. Broers, maak 'n dubbele ry net hier, net hier. Maak 'n dubbele ry; party hierbo, party daaronder.

197 Broer Roy Borders, waar is jy? Broer Roy Borders, ek het gedink hy is hier. [Iemand sê: "Hy sal nou terug wees."—Red.]

198 Kyk net hier, na al die predikers, sal julle! Kyk net daar. Dit laat my goed voel, broers. Predikers van die kruis, manne wat hierbo staan om hulleself met die Boodskap te identifiseer. Wat kan gebeur?

199 Nou, kyk, moet dit nou nie op die predikers plaas nie. Hulle het gekom om hulleself te identifiseer. Wanneer julle hier deurgaan identi-. . . hou die Teken voor julle: "Here Jesus, ek het my sondes bely. In ruil het U vir my die doop van die Heilige Gees gegee. Ek is 'n gekoopte produk. Sonde, siekte of niks kan my voortaan hou nie. Ek beweeg reg." Hou dit, o, voor jou, en gaan hier deur, en God sal jou genees en jy sal juigend, gelukkig, hier uitgaan, en gesond wees. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

200 Nou elke persoon hierbinne, kom ons buig ons hoofde, broers, terwyl ons saam is. Ons weet nie wat gaan gebeur nie. Ons weet net nie. Daar is nie enige rede vir enige siek persoon om hierdie gebou vanmiddag te verlaat nie. Hou daardie Teken in jou hart, gaan regdeur hierdie gebedsry, waar predikers, wat hulle lewens aan—aan die diens gewy het, hier gaan staan, en die hande op julle lê soos julle deurgaan.

Julle sê: "Waarvoor het jy dit gedoen, Broer Branham?"

201 Ek wil hê julle, almal, moet weet dat net. . . Ek nie die geneesheer is nie. Hierdie manne het net soveel reg om vir die siekes te bid as enigiemand anders. Eintlik, glo ek dat God hulle gebede sal verhoor voor Hy myne sou. Ek is moeg en uitgeput, en alles. Ek—ek glo dat Hy hulle gebede sal verhoor. En hier

staan hulle reg te midde daarvan, om hulleself te identifiseer, nie skaam om hulle plek in te neem nie. Ek waardeer manne soos dit.

202 Nou, broers, ek ken julle gevoel. Ek's, ek is een met julle. Ek is die een wat my net saam met julle geweef het, hier in Texas, om elkeen van daardie visse daarbuite te probeer vang, wat God bestem het tot die Lewe. Ek doen my uiterste bes. Ek is met julle, een honderd persent. Somtyds skel en raas ek oor organisasies en dinge. Dit beteken nie ek is teen jou nie, my broer. Ek bedoel ek is teen die stelsel wat ons wil skei om broers te wees, vanweë een of ander godsdienstige leerstelling. Ons is broers deur die doop van die Heilige Gees. Ons dra dieselfde Teken. Ons het dieselfde Bloed ontvang, so kom ons glo dit. Ons kan Daar ontmoet (kan ons nie?), broers, elkeen van ons, onder die Bloed.

203 Nou, ek is as 'n Baptis bevestig. Miskien is jy 'n Metodis, of Lutheraan, of Presbiteriaan, Pinkster, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, of wat jy ook al het, Kerk van God, wat dit ook al is. Dit maak nie enige verskil nie. As ons nie kan saamstem oor daardie klein dingetjies nie, laat ons dan daarvan vergeet.

204 Iets waaroor ons wel kan saamstem, is dat Jesus Christus ons Verlosser vir ons sondes gesterf het, weer opgestaan het en vir ons die Teken gegee het. Ons staan hier met ons gebede, om dit te hou oor hierdie siek broers en susters wat deur hierdie ry gaan. Ek gaan dit glo met my hele hart.

205 Ek het iets net toe sien gebeur. Amen. Ek weet julle dink ek is mal, maar ek voel goed so mal. Ek hoop net ek kan so bly. Ja, meneer. Ek voel net wonderlik so.

Kom ons bid.

206 Here Jesus, ek stap van hierdie platvorm af, hier na ondertoe, om myself met hierdie broers te identifiseer. Ek identifiseer myself met hulle, want ons hou almal ons Tekens in ons hande, en in ons harte. Soos ons U opdrag gehoorsaam: "om hande op die siekes te lê, en hulle sal gesond word." Mag elke persoon wat hier deurgaan, hulle Teken aanbied, dat hulle die Heilige Gees ontvang het, dat hulle 'n wedergebore kind van God is, dat hulle dit met hulle hele hart glo. En soos hulle deurgaan, mag hulle daardie siekte en krankheid van hulle liggaam vervloek. En mag hulle verheug hier uitgaan, in die wete dat hulle geloof hulle gesond gemaak het.

207 En, Here God, soos ons ons hande gelê het, die Ou Testament, op die offerhande, om onsself met die offerhande te identifiseer, lê ons ons hande op Jesus en identifiseer onsself met Hom. Hy het Sy hande nou op ons gelê in die bediening, Homself met ons geïdentifiseer, deur tekens en wonders. En ons lê ons hande op die siekes, om onsself met hulle te identifiseer, met ons geloof met hulle verbind. Siekte moet weggaan, en mag dit dit doen in die Naam van Jesus Christus, soos ons hier afstap om dit te ontvang.

Laat die hele gemeente bid.

208 Roy of iemand, kom hiernatoe en staan by hierdie mikrofoon, en hou die rye reguit.

209 Kyk, soos julle nou hier deurgaan, kom met geloof, kom biddend. Ons gaan net hande op die siekes lê. Kom regdeur. Bid. Wanneer jy deur die ry van hierdie predikers gaan, as jy op krukke loop, sit hulle neer en loop weg. As jy kanker, siekte, gehad het, sê: "Die dokter het alles gedoen wat hy kan doen, hy het alles gedoen wat hy kon, en hy het gesê ek sal moet sterf. Ek gaan nie sterf nie. Hier is my Teken, Here. U het my sewentig jaar belowe. Ek gaan hier regdeur, dit doen." Sien, doen dit. Sal julle dit doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] In Jesus' Naam, mag dit so wees. Amen.

210 Goed, laat die ry deurkom. [Broer Branham en die predikers bid vir die siekes, terwyl 'n broer die gemeente lei in die sing van *Glo Net* en ander liedere. Leë kol op band—Red.]

Ek glo!
Al my vertwyfelings is begrawe in die Fontein.

211 Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. O, is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."] Party van hulle wat op daardie bedjies en draagbare was, het sommer opgestaan en weggestap; het hulle net daar laat lê, en weggestap. O, dis elkeen kan nou genees word, wat dit sal glo. Glo julle? ["Amen."]

212 Laat vir ons die akkoord gee: *Ek Het Hom Lief*, sal jy, suster; die ou lied: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief, omdat . . ."? Laat ons almal net ons stemme verhef, en ons hande, ons harte, tot God, en sing: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief, omdat Hy my eerste liefgehad het." Almal nou.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gol- . . .

213 'n Dame, op uit die rolstoel, loop hier rond met die hulp van twee mans. "Ek . . ." Kom ons wuif ons hande vir God: "Ek het Hom lief!"

Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Golgóta se . . .

Kom ons prys Hom nou net, almal!

214 Glorie aan God! Hoe dank ons U, Here Jesus, vir U goedheid, U Teenwoordigheid. O, ons dank U vir die Teken, Here. Ons is gered en vervul met die Gees, die Heilige Gees deurspoel nou ons liggame. Hoe dank ons U hiervoor, Vader! O, in Jesus' Naam dank ons U. Amen. Amen.

215 Skud almal hande, sê: "Prys die Here!" Skud mekaar se hande, sê: "Prys die Here! Prys die Here!" (. . .?. . .) Goed, nou, almal weer saam:

Ek het Hom lief,

Hande omhoog, harte omhoog.

Ek . . .

Bedoel dit net uit jou hart uit.

Omdat Hy my eerste liefgehad het (Gaan julle afsluit?)
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

216 Kom ons buig nou ons hoofde in ware eerbied, terwyl ek die diens nou aan Broer Grant oorhandig vir afsluiting; dankie aan elkeen van julle. Eers, dankie aan die Here vir Sy goedheid, Sy genade, en die versekering wat ek hoop ons in julle hart gelaat het, dat ons nie alleen hier is nie. Ons groot Opperkaptein is tussen ons. Die uitroep van die Koning is in die laer. En ons dank die Here, om Sy groot krag en Sy groot genade te sien. En kom ons buig nou ons hoofde in eerbied. Broer Grant.

Die Teken AFR64-0308
(The Token)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 8 Maart 1964, by die Soul's Harbor Tempel in Dallas, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org